
# Suidwes-Kaap

## ‘n Naweek in Beeld:

### Night-Sky: Net Rustig.  20 — 22 Mei 2011



As jy rustigheid om jou wil hê, dan is Night-Sky naby Bonnievale seker een van die saligste oorde. Vêr van die stad en van verkeer en ‘n hemel gepak met sterre. Hierdie keer was die rustige samesyn regte kos vir behoorlike sielerus.



Die naweek is vir ons behoorlik begin deur Petrus Theron. Die deurlopende godsdiens tema was— Liefde. Liefde vir mekaar en vir God.



Samesang in aksie... Jutta en Johnny Louw saam met Engela en John McDonald tydens Vrydagaand se boekevat.



Wat sal ‘n man so laat skrik??? Vra vir Paul Steyn...



Danny en Teresa le Roux met hul twee kinders almal saam by boekevat. So is hierdie rustige naweek behoorlik begin. Links steek tannie Anna Oosthuizen van Noord-Boland net-net uit. Suidwes-Kaap het in Noord-Boland se gebied gekamp en tannie Anna het kom saamkamp.

Redakteur: Niël Goslett -  Tel: 0833057366. E-pos: niel.goslett@gmail.com

# Saterdag



Saterdagoggend 9-uur is tradisioneel Suidwes-Kaap se inbetalings. Hier ontvang Jutta en Johnny Louw die kampgelde vir die naweek van Koos Oosthuizen.



Daar waar Judy Hendra betrokke is, is daar altyd iets spesiaal te wagte. Hier wys sy vir Alet Strydom en Karin Augustyn een van die 50 yo-yo's wat sy beskikbaar gestel het vir saamspeel.



'n Uitdaging wat nooit nie aanvaar kan word nie. Die manne het dadelik hul lang verlore yo-yo kennis van hul kinderdae getoets. "Myne het selfs 'n 'bearing' in" - volgens Petrus Theron. Paul Steyn en Jan Meyer wys dat hulle steeds 'n slag het met die speelding.



'n Besoek aan 'n wynplaas—Van Loveren. Fanie Strydom, Petro en Jan Meyer, Paul en Isabel Steyn en Alet Strydom.



Nog wynproe—Annette en Archie Mitchell, Johnny en Jutta Louw, Petrus en Janine Theron, Paul Steyn (agter), Rozél en Kristie Goslett en Kaylin Venter.






Namiddag en net om die aankomende winterkoue te terg, bak die klomp pannekoek. Hier is tannie Sippie Henning en Hendriena Oosthuizen besig met die bak, terwyl Judy Hendra sorg dat elke pannekoek behoorlik gesuiker is en warm gehou word. Kyk Ma, ek kan dit in die lug omdop! Gerhardus Theron toon sy staal.




Koos Oosthuizen is verantwoordelik vir pannekoek-finansies, terwyl Johan Oosthuizen en Petrus Theron hom probeer oortuig die pannekoek is te duur.



Alet Strydom het aandagtig geluister en probeer hier haar poging om goedkoop pannekoek te kry. Agter lag Kobus Oosthuizen net hoe sy Pa sy man moet staan.






Aandgodsdiens is deur Judy Hendra (middel) gelei. Links sit Martinique Faasen by haar ouma—tannie Sippie Henning se voete en luister, regs is Ron Hendra, Archie en Annette Mitchell.




‘n Mens ry mos nie oor kos nie! Dane le Roux vergaap hom aan Petrus Theron wat weer sy platbrood gemaak het.

Foto’s deur Niël Goslett tensy anders vermeld.




As Paul Steyn so geskrik het, waarom val hierdie mense so lag-lag uit die 'gemakshuisie'? Hierdie is 'n ope geheim wat slegs die mense wat die naweek gekamp het, sal kan waardeer.


## Sondag



Petrus Theron het ons kerkdiens, hierdie keer 'n vooraf opgeneemde diens, vir ons gespeel. Die preek het baie goed aangesluit by die naweek se Godsdienstema van Liefde.



Kristie Goslett en Kaylin Venter het twee pragtige liedjies gesing tydens die kerkdiens.



Johan Oosthuizen het die voorgestelde veranderinge vanaf die NUB aan die lede voorgehou, asook die impak daarvan op die Gebied asook ons Streek.



Die enigste toekenning vir die naweek was aan Johnny en Jutta Louw wat die kampleiers van hierdie heerlike naweek was.



Na voorsitterstee is die yo-yo kompetisie hanteer voor middagete en die terugry huis toe.



Van die mense kan nog iets onthou uit hul kinderdae. Wie onthou nog 'around the world, baby in a cradle, walking the dog' en 'looping'? Foto — Rozél Goslett



Die twee beoordelaars het 'n moeilike tyd gehad om 'n uiteindelike wenner te kies. Foto — Rozél Goslett



Karin Augustyn se yo-yo sukkel om bo te bly. Foto — Rozél Goslett



Ohna Oosthuizen se yo-yo se tou is heeltemal te lank is vir haar bene. Fanie Strydom hou ook later sy tou bokant sy kop vas. Petrus, Alet en Jan laat die besigheid heel maklik lyk.



'n Goeie familie poging—Gerhardus, Petrus en Janine Theron besig met die yo-yo kompetisie.



Na die kompetisie is die deelnemers byeengebring vir 'n demonstrasierondte. Die yo-yo's het behoorlik rondgevlieg soos die mense hul 'vernuf' vertoon. Foto — Rozél Goslett



Johan Oosthuizen oorhandig die 'yo-yo beker' aan Niël Goslett as wenner van die kompetisie. Judy, is hierdie beker nie 'n wisseltrofee nie? Dit sal jaarliks moet verdedig word. Foto — Rozél Goslett

Die demonstrasie van liefde deur Fanie en Alet Strydom. Alet het vroeër die dag teen die damwal geval en Fanie het haar baie mooi bygestaan en opgehelp en afgestof. Hier moes Alet die val demonstreer en Fanie vir ons wys hoe hy Alet liefdevol bygestaan het.

